

Uit die Groot Evangelie van Johannes—Boek 10

Die Meester vra na die Messias

124 **Ek (JaHshua)** reik die herbergier My hand en sê: “Vriend, so `n **geloof en sulke suiwer gedagtes** het Ek nie in heel Israel aangetref nie; daarom sal dit ook gebeur dat die lig van die Judeërs weggeneem en aan die heidene gegee word.

[2] Jy en ook jou bure is reeds geheel en al op die goeie weg, en Ek het na julle toe gekom, om by en in julle die seëninge van God te vergroot, en julle ook te laat sien dat julle geloof en trou in God se oë volkome goed, waar en regverdig was. Maar ons sal dit nou laat rus, want ons sal vandag en môre nog wel verder daaroor praat!

[3] Maar het jy, My beste vriend, nog nie veel gehoor oor die feit dat die Judeërs hulle beloofde Messias ver wag, en wanneer die sal kom nie?”

[4] Die herbergier sê: “Die oudste in Bethsaida het my veel daaroor voorgelees uit die profete en waar nodig ook toegelig; maar ek dink dat die Messias, **wat niks minder as JaHWeH God Self sal wees nie**, waarskynlik nie na die Judeërs toe sal kom nie, soos dit nou veral in Jerusalem en ook in baie ander plekke te vinde is en wie se harte nie meer aan God nie, maar net aan die skatte en goedere van hierdie wêreld hang. En al sou Hy kom, dan sou hulle Hom tog nie herken nie; want Hy sal gewis nie met wêreldse prag en praal kom nie, **maar in alle deemoed, liefde en geduld, die leefwyse wat Hy van alle mense op hierdie wêreld verlang** - en dan sal die baie hoogmoedige Judeërs, en veral die vername priesters, wat oorloop van goud en edelstene, Hom gewis nie soos die ware Messias aanneem nie.

[5] Maar ons het ons **ware Messias al in ons harte**, en wie Hom nie daar het nie, sal waarskynlik tevergeefs op Hom wag in hulle met goud omsoomde gewade.”

[6] **JaHshua** sê: “Daarin het jy alweer heeltemal korrek en waar geoordeel, en dit is nou inderdaad so; maar kyk, daar kom **jou drie seuns** nou aan, **swaar belaa met visse!** Stuur hulle `n paar bure tegemoet om hulle las bietjie te verlig!”

[7] Dit hoor `n paar aanwesige bure, wat die aankomendes onmiddellik tegemoet hardloop; tot groot vreugde van die hele dorp was hulle binne enkele oomblikke daar, en niemand kon daarvoor uitgepraat raak **dat hulle soveel vis gevang het** en hulle loof en prys God daarvoor.

[8] En **die herbergier** sê: “Sien hoe Elohim ons nou sigbaar geseën het; daarom **aan Hom alleen alle eer!**”

[9] Onmiddellik na die aangrypende tafereel word daar vir die visse gesorg.

[10] Van die hele dorp besit alleen die herbergier `n

fontein en `n klein vywer, wat vroeër moesaam in die klipperige grond uitgekap was; hierdie ontvang sy water van die bron en dien om die klein kudde van die dorp te laat drink.

[11] As die vissers af en toe nog lewendige visse uit die Meer van Galilea huis toe bring, word hulle in die vywer gelos; maar soos dit - veral in die somers - nie gebeur nie, word die visse onmiddellik oopgesny, gereinig, goed gesout en daarna dadelik bo die eie vuurherd gehang om te droog, waarvoor mens `n klein vuurtjie maak en dit die hele nag laat brand. Want die beste by die dorp was, dat daar naby `n taamlik goed versorgde klein bos van sipresse en mirte gestaan het, wat die dorp die nodige brandhout gelewer het, en so kon die inwoners hulle visse en ook ander vleis op hulle goeie, eie manier droog en vir langer tye bewaar totdat hulle dit gebruik het.

[12] Maar hierdie keer was daardie werk nie nodig nie, omdat **daar nie één vis dood was nie**, terwyl die reis tog die hele dag geduur het, en die visse nie in dravaatjies nie, maar in sakke na die huis gebring moes word.

[13] Daaroor begin almal hulle baie te verwonder, en hulle bring die visse na **die klein vywer**, waar hulle weldra **heel lewendig begin om rond te swem**. `n Klein gedeelte hou die herbergier in die huis om vir ons `n aandete te berei.

Die Meester getuig oor Homself

125 Toe ons in die huis, en wel in die grootste kamer, plaasgeneem het aan `n tafel, wat heel doelmatig van saamgevoegde klippe gemaak was, gaan die herbergier en enkele van sy bure langs ons sit, en die herbergier sê aan My: “Luister, Vriend, die op wonderbaarlike wyse, werklik alles wetende wysheid is nie van die gewone soort nie, want Jy skyn alles te weet!

[2] Jy is `n Judeër uit Galilea, en ons is almal taamlik goed tuis in die geskifte en leringe van die Judeërs, soos ek Jou al vroeër uiteengesit het; nou staan daar êrens geskryf dat daar **uit Galilea geen profeet sal kom nie**, en tog is Jy `n baie groot profeet! Want as Jy dit nie was nie, hoe kon Jy dan geweet het dat my drie oudste seuns na die baie visryke Meer van Galilea vertrek het om vis te vang, en dat hulle teen die aand, vandag dus, met `n ryk vangs sou tuiskom?

[3] En dit klop alles en was waar soos Jy vantevore aangegee het; maar om so-iets geheel volgens waarheid te kon aangee, moet Jy `n groot siener en profeet wees - en Jy is tog `n Galileër, uit die land waar `n profeet nooit sal opstaan nie! Hoe moet ons dit opneem en begryp?”

[4] Ek sê: “Vriend, Ek het wel die meeste tyd in Galilea gewoon, maar tog is Ek nie in Galilea gebore nie, maar in **Bethlehem**, en Ek is, soos voorgeskryf, op die agtste

dag na My geboorte in die tempel in Jerusalem besny.

Op grond daarvan sou Ek wel `n profeet kon wees!

[5] Maar tog is Ek geen profeet nie, **maar Ek is Die Ene oor wie die profete voorspel het dat Hy sou kom**, om almal wat in Hom glo, te verlos van die bande van die ou bedrog, van die nag van die sonde, die oordeel, die hel en haar ewige dood.

[6] **Ek is dus die Majesteit en Meester Self** en geen dienaar nie; maar tog is Ek nou in hierdie wêreld om alle mense wat `n goeie gesindheid en wil het, **met My liefde, wysheid en mag te dien** en hulle die ewige lewe te gee. **Want waarlik, Ek sê vir julle: Almal wat in My glo en geheel en al volgens My leer sal leef en handel, sal die dood nie sien, voel of smaak nie, maar na die afval van hulle liggaam sal hulle in één oomblik verander word en by My in die paradys wees, en aan hulle saligheid sal nooit meer `n einde kom nie.**

[7] Nou weet jy, My vriend, heel openlik uit My mond wie jy in My in jou huis herberg!

[8] Diegene wat met My saamgekom het, is My leerlinge - behalwe één, wat sy blik na die wêreld rig, hoewel hy goed weet en ook ferm glo wie Ek is en wat Ek alles al geleer en gedoen het. Wat dink jy daarvan?"

[9] **Die herbergier** sê: "Majesteit en Meester, wat moet, wat kan ek as arm, sondige mens daarop sê? U is die Meester van alle dinge en van ons lewe, **wees ons arme sondaars dan ook barmhartig en betoon medelye!**

[10] Noudat U ons, onbesnede Judeërs, eenmaal die barmhartigheid bewys het om ons in ons eensaamheid op te soek, hoop ons dat U met U barmhartigheid ook by ons sal bly en ons en ons kinders sal seën!"

[11] **JaHshua** sê: "Daaraan sal dit julle nooit ontbreek nie; soos wat julle in die **geloof** in My en in **die liefde** vir My bly, sal Ek ook met al **My barmhartigheid** by julle bly.

[12] En nou, My vriende, sal ons dit oor iets anders hê, en wel oor julle armoedige toestand, wat Ek maar al te goed ken!

[13] Julle het nie **brood nie, nóg wyn**, en bedien julle in plaas van brood, van julle skaap- en bokmelkkaas en julle gedroogde vis.

[14] Maar Ek sal julle landjie, wat merendeels dor en woest is, **in `n vrugbare stuk land verander**, en in die toekoms sal julle gars, rog en die mooiste koring oes en goed brood daarvan kan maak; maar vereers sal julle voorraadskeure met die genoemde drie graansoorte, en julle voorraadkamers van meer as voldoende brood voorsien word.

[15] Netso kan julle in die toekoms op plekke wat daarvoor geskik is, ook **wynstokke** plant, dan sal dit vir julle voldoende wyn oplewer.

[16] Maar vul nou julle **leë vate en leersakke** met **skoon water!** Dit sal ooreenkomstig My wil **wyn word**,

en dan sal julle daaraan onmiddellik kan sien dat Ek vanweë julle geloof en julle egte liefde vir My met My barmhartigheid, liefde en seën by julle is en ook sal bly. Want Ek het by julle **`n geloof aangetref** soos nêrens onder die Judeërs nie, waarvan Ek al vroeër gewag gemaak het, nog voordat julle gewet het met wie julle in My te make het. En gaan nou doen wat Ek vir julle gesê het!"

Die vismaaltyd

126 Hierop staan die herbergier en alle aanwesige bure op en gaan doen wat Ek hulle aangeraai het. Aangesien hulle en al hulle verwante die werk onmiddellik aanpak, duur dit ook nie lank voordat alle leë vate en sakke met skoon water gevul was nie. Toe dit sovêr was, proe hulle die water dadelik en verbaas hulle enorm toe hulle die **beste wyn in hulle mond kry**; en almal prys God se mag in My.

[2] En so word die **hele arm dorp** ruim voorsien van **brood, graan, meel en wyn.**

[7] Toe ons onself met brood en wyn versterk het, kom ook die vrou en enkele dogters van die herbergier, en die vrou sê dat hulle al `n hoeveelheid vis op die Griekse manier voorberei het, en hulle vra of hulle dit op tafel mog sit.

[8] Ek sê: "Wees nie beskroomd voor ons Judeërs nie! Ons het al verskillende kere Griekse en Romeinse voedsel geëet en het nie daardeur onrein geword nie; want soos wat voedsel, wat op `n vanouds bekende manier so suiwer moontlik vir die mense berei word, na behoefte en in die regte mate via die mond in die maag kom, verontreinig die mens nie, **maar wat via die mond uit die hart kom, soos laster, eerroof, kwaadsprekery en allerlei leuens, vuilpraat en allerlei geskel, dit verontreinig die hele mens.** Sit dus jou, op Griekse wyse toebeide visse maar sonder skroom op tafel, vrou, dan sal ons gerus daarvan eet!"

[10] Ek sit dan ook dadelik `n vis op `n bord, wat voor My staan, deel hom in stukke en eet hom op. My ou leerlinge doen dieselfde.

[12] **Ek** sê: "Dit weet hulle goed en hulle is ook nie sulke streng navolgers van Moses nie; maar daar sit nog menige **ou ingeroeste gewoontes** in hulle, en daarom eet hulle geen visse wat heeltemal op Griekse wyse voorberei is nie. Maar laat hulle maar eers eg honger kry, dan sal hulle dergelyke visse ook baie gretig opeet.

[13] Ek is nou `n ware Bruidegom, en **hulle is My bruide en My bruilofsgaste.** Solank Ek by hulle is, het hulle nog nooit gevas en honger of dors gely nie; maar soos Ek, die Bruidegom, van hulle weggeneem sal word, sal hulle ook baie gereeld moet vas en honger en dors ly. En wanneer hulle dan na julle toe kom, sal julle vis vir hulle baie goed smaak."